KULTUURBELEID

1 *MISSIE*

Binne die raamwerk van die breë missie van Hoërskool Wesvalia, naamlik die verskaffing van voortreflike en relevante onderrig en opvoeding vanuit ‘n eie kultuurmilieu, dit wil sê onderwys met ‘n Christelike en breë nasionale karakter wat deur die medium van Afrikaans en Engels voorsien word terwyl erkenning gegee word aan die geloofsvryheid van die individu, sal kultuuraktiwiteite so bedryf word dat dit ‘n opbouende en versterkende pilaar van hierdie missie is. Deur die beoefening van KULTUUR, in harmonie met akademiese- en sportaktiwiteite, word gestreef na die ontwikkeling en afronding van ‘n gebalanseerde en fyn opgevoede individu.

2 *DOELSTELLING*

Die handhawing, beskerming en bevordering van:

- Christelike waardes met die erkenning en beskerming van vryheid van geloof
- Kultuur-eie

3 *STRUKTUUR*
Hoof

Kultuurhoof (Koördineerder)

Organiseerder/Afrigter

Deelnemer

4 *AKTIWITEITE WAT AANGEBIED WORD*

4.1 BINNE SKOOLVERBAND

- Afrikaanse redenaars
- Public Speaking
- ATKV-Debatskompetisie
- Revue / Musiekblyspel
- Afrikaanse toneel
- Landsdiens
- Saalopening: kultuuritem
- Kunsuitstalling
- Kultuuraand
- Fotografieklub
- Drama
- Wessies got talent
- Smarter than a sool
- Kultuur “Brag”
- Nasionale Koorakademie

4.2 BUITE SKOOLVERBAND

- Kunstefees
- SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

5 *VERTREKPUNT*

5.1 ORGANISEERDER/AFRIGTER

5.1.1 PLIGSTAAT

Elke organiseerder/afrigter moet in besit wees van ‘n pligstaat waarin pligte en funksies duidelik uiteengesit is.

5.1.2 BEPLANNING

Kwartaal-; jaarbeplanning moet opgestel word en moet met kultuurhoof bespreek word.

Met die beplanning van ‘n aktiwiteit moet ook gelet word op aspekte soos:

- Doelwitbeplanning
- Motivering en aanprysing
- Oefenprogramme
- Vernuwing (dinamiese uitbouing van betrokke aktiwiteit)

5.1.3 ORGANISASIE

- Sien pligstaat waarin pligte uiteengesit is
- Organisasie moet professioneel en deeglik wees

5.2 AFRIGTER

5.2.1 KURSUSSE

Kursusse moet bygewoon word om kennis en vaardighede op te skerp en te verbeter.

5.2.2 BUITE-AFRIGTERS

Die diens van buite-afrigters kan gebruik word; dié persone staan egter onder beheer van die hoof en die organiseerder van ‘n betrokke aktiwiteit.

5.2.3 BETROKKENHEID BY LAERSKOLE

- Afrigters kan hulself beskikbaar stel vir afrigting en beoordeling by laerskole.
- Kontak moet met laerskoolafrigters gemaak word om talent te identifiseer en bemarking te doen.

5.3 AKTIEWE BEMARKING

Kultuur moet aktief bemark en bevorder word. Die volgende strategieë sal gevolg word:

5.3.1 Tydens saalopening op ‘n Maandag sal leerders die geleentheid kry om ‘n kultuuritem te lewer.

5.3.2 Sprekers/kunstenaars van buite kan genooi word vir optredes.

5.3.3 Plaaslike koerant

Leerders moet aangemoedig word om eie pogings en bydraes in te stuur vir publikasie.

5.3.4 Kunswedstryde moet baie prominensie kry en afrigting moet plaasvind. Sertifikate wat behaal is sal tydens saalopening aan betrokke leerders oorhandig word.

5.3.5 Vir alle redenaarskompetisies sal ingeskryf word. Indien onderwysers nie oor die nodige vaardighede beskik om afrigting effektief te maak nie, sal buite-afrigters genader word.

5.3.6 Kooropvoering/revue/musiekblyspel sal jaarliks afgewissel word.

5.3.7 Buite skoolverband:

Leerders wat buite skoolverband presteer, sal voldoende erkenning en blootstelling kry.

5.3.8 Uitstappies

Gereelde uitstappies sal gereël word na die kunsuitstallings, teaters, produksies e.a. Indien nie inbreuk maak op akademiese tyd nie.

5.3.9 Revue / Musiekblyspel / Debutante bal / Mnr/Mej-Wesvalia

Ten einde te verseker dat so veel as moontlik leerders die geleentheid kry om in hulle skoolloopbaan aan ‘n revue-optrede deel te neem, word sover moontlik elke derde jaar ‘n revue aangebied.

5.3.10 Produksies per kwartaal word deur die teaterkomitee en drama-onderwysers gereël in die teater.